- Die verskillende punktuasiepunte kan dit ongemaklik maak vir opvoeders om te aanvaar dat leerders net so 'n geldige perspektief van die situasie het as die opvoeder (Farrell, 2006). Insluitende onderwys bou hierop deur leerders en ouers asook opvoeders by besluite oof leerders te betrek (Moll & Drew, 2006).
- Probleme met gedrag in die skool/klas is gewoonlik 'n produk van komplekse interaksie tussen die individu, skool/klas, gesin en groter gemeenskap (Donald *et al.*, 2002; Hannell, 2006; Mastropieri & Scruggs, 2007).

### 1.2.1 Kinderjare het verander, maar nie kinders nie

- Gemeenskap is minder geïnhibeer; dink aan die houdings teenoor geweld en dwelms (Raymond, 2008; Silver & Hagin, 1990; Winkley, 1996).
- Ouers is oorweldig met persoonlike probleme met min tyd of vermoë om hul kinders by te staan (Hannell, 2006; Farrell, 2006), soos werkloosheid, egskeiding, enkelouers, armoede, ouma wat weeskinders grootmaak.

- Gebrek aan ouerleiding of gebrekkige leiding en betrokkenheid deur ouers is algemeen (Hannell, 2006; Farrell, 2006). Dink in die verband ook aan huishoudings met kinders aan die hoof van die gesin; dit laat baie kinders weerloos indien 'n opvoeder wat omgee nie hul pad kruis nie.
- Leerders wat nie die nodige ondersteuning by hul ouerhuis kry nie is dikwels nie gretig om te leer nie of toon ontoepaslike gedrag by die skool.
- Opvoeders behoort dit nie as vanselfsprekend te aanvaar dat leerders voorberei is vir die toenemende sosiale en akademiese eise van die skool/klas nie (Raymond, 2008).

Leerders uit die omstandighede openbaar soms 'n gebrek aan die strewe na sukses en selfbeheer in 'n omgewing wat hoë akademiese en sosiale standaarde stel. Hulle is dikwels diegene wat praat wanneer hulle veronderstel is om stil te werk. Hulle is nie gewoond daaraan om reëls na te kom nie, boelie swakker leerders, daag instruksies openlik uit en is meer gemaklik om alledaagse konflik te hanteer met antisosiale en aggressiewe gedrag (Canter & Canter, 2001).

### 1.3 INSLUITENDE ONDERWYS

- Insluitende onderwys vereis herbesinning oor onderwysbenaderings en -praktyke, sodat dit leerders met behoeftes kan ondersteun. Ander leerders baat dikwels ook daarby en insluitende onderwys is dus in werklikheid voorkomend van aard (Farrell, 2006).
- Insluiting verskil van integrasie in die sin dat laasgenoemde veronderstel dat die skool dieselfde bly met addisionele voorsiening vir leerders met spesiale behoeftes. Die "probleem" word dus beskou as in die leerder gesetel (Dyson & Forlin, 1999).
- Insluiting impliseer 'n verandering in rolle en houdings. Leerders wat presenteer met uitdagende gedrag word derhalwe nie meer net beskou as opstandig of met sielkundige probleme nie, maar eerder as leerders met ontwikkelingsbehoeftes wat ondersteuning benodig (Moll & Drew, 2006).
- 'n Sistemiese insluitende onderwysbenadering tot emosionele en gedragsbehoeftes beklemtoon die konsepte van temperament en goeie

passing tussen die skool/klas en die leerder, in teenstelling met swak passing tussen die skool/klas en die leerder (Department of Education, 2001).

### 1.3.1 Wat behels 'n insluitende klas/skool vir die leerder met emosionele en gedragsbehoeftes?

- Leerders weet wat van hulle verwag word, ook op gedragsgebied.
- Leerders verstaan waar die grense is en weet wat die gevolge sal wees indien hulle kies om die grense te oorskry.
- Leerders geniet positiewe erkenning en ondersteuning (Canter & Canter, 2001; Jones, 2004; Winter, 2007).

## 1.4 STRATEGIEË VIR OPVOEDERS OM DIE VOORKOMS/IMPAK VAN EMOSIONELE EN GEDRAGSBEHOEFTES TE BEPERK

### 1.4.1 Opvoeder-leerder-verhouding

Opvoeders het verskillende persoonlikhede (vrolike ekstrovert of ernstige introvert, of érens tussenin) en skep dus verhoudings met leerders volgens verskillende benaderings. Die opvoeder se posisie op die kontinuum het sekere gevolge vir die klas – te outokraties mag konfrontasie ontlok terwyl te demokraties tot anargie kan lei (Prinsloo, 2005). Die regte opvoeder-leerder-verhouding met 'n atmosfeer van warmte, simpatie, respek en ondersteuning kan geskep word deur organisasie, lesvloei en kommunikasie:

- **Organisasie:** Vereis dat die opvoeder altyd goed voorbereid moet wees; die teenoorgestelde is 'n uitnodiging tot chaos en ontwigting. Tyd moet effektief gebruik word en al die leerders moet betrokke wees tydens elke aktiwiteit. Leerders wat wag vir die opvoeder, of niks het om te doen nie, of nie kan byhou met die werk nie, neig om betrokke te raak in negatiewe gedrag.
- **Lesvloei:** Die vaardigheid van die opvoeder om die les te laat vloei, betrokkenheid van leerders te verkry en beroeringe/probleme te voorkom,

selfs al is die opvoeder elders besig.

- **Kommunikasie:** Die manier waarop opvoeders hulself uitdruk. Stemtoon, liggaamshouding en gesigsuitdrukking is handige instrumente om probleme te voorkom voordat dit manifesteer. (Wat kommunikeer die opvoeder wat by die deur staan en rook, of gedurig op die selfoon praat?). Respek van leerders moet verdien word (Prinsloo, 2005; Vaughn, Bos & Schumm, 2000).

#### 1.4.2 Klaskamerroetines en -reëls

Beplanning hiervoor vereis refleksie op vorige ervarings en moontlike probleme. Die volgende situasies vereis 'n beplande prosedure:

- Hoe kom leerders by die klas aan en hoe word hulle ontvang?
- Wat doen leerders wanneer hulle werk voltooi is?
- Hoe word huiswerk en klaswerk ingehandig?
- Hoe vra leerders hulp van die opvoeder of 'n maat?
- Wat word van leerders verwag terwyl hulle wag vir die opvoeder om met 'n les te begin?
- Weet leerders hoe om skoon te maak en die klas te verlaat aan die einde van 'n periode/dag?
- Weet leerders wat van hulle verwag word tydens groepaktiwiteite, sodat die opvoeder besig kan wees met een groep terwyl die res van die klas aangaan met hulle aktiwiteite? (Prinsloo, 2005; Prosser, 2006; Vaughn *et al.*, 2000).

Alle leerders baat by reëls, 'n vaste roetine en struktuur, omdat dit 'n gevoel van veiligheid en sekuriteit skep (Hyam, 2007; Kewley, 2005). Ontwikkel saam met die leerders eenvoudige klasreëls sodat hulle kan besef dat die reëls nodig en regverdig is. Wees konsekwent in die toepassing van hierdie klasreëls. Voortdurende inskerping van reëls is nodig (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; Hannell, 2006;

Mastropieri & Scruggs, 2007; Prosser, 2006). Leerders is meer gewillig om reëls te volg indien hulle betrek word wanneer dit opgestel word (Oehlberg, 2006).

#### 1.4.3 Klasorganisasie

'n Klaskamer kan op die volgende maniere georganiseer word:

- Bepaal wie sit waar met inagneming van die volgende: plaas ontwrigtende leerders weg van die wat hulle maklik pla; laat 'n positiewe hulpvaardige portuurrolmodel langs 'n leerder sit wat dit benodig; en plaas leerders wat maklik afleibaar is weg van deure en vensters.
- Verander sitplekorganisasie so dikwels as nodig of na gelang van die tipe taak.
- Maak gebruik van 'n skoonbank-beleid – dit help afleibare leerders.
- Vermy 'n te "visueel besige" klas wat leerders kan aflei (Alban-Metcalfe & Alban- Metcalfe, 2001).
- Die opvoeder beweeg rond, nie die leerders nie.
- Volg 'n vaste skedule om werk in te handig en probeer soortgelyke werk op dieselfde tyd doen.
- Gebruik 'n dienskaart – wees kreatief en voorkom probleme, byvoorbeeld die leerder wat gou geïrriteerd raak in die ry word gestuur om 'n glas water vir die opvoeder te gaan haal (McNary, Glasgow, & Hicks, 2005).
- Verskaf ruimte waar leerders kan werk en beweeg (bv. staan en werk, wydsbeen sit, agterstevoor op die stoel sit maar na die opvoeder kyk).
- Skep 'n ruimte waar leerders kan rus op voorwaarde dat hulle nie ander pla nie en hul werk klaar is.
- Gebruik 'n spesifieke plek op die bord vir huiswerk, toetsdatums en opdragte.
- Bepaal waar boeke en materiaal geplaas word en monitor die areas.
- Gebruik prente of 'n rooster om aan leerders te toon wat volg, byvoorbeeld

matwerk, skrif, sang, en so meer.

- Allokeer 'n spesifieke tyd om materiaal te vind en weg te pak.
- Doen die aktiwiteite wat meer aandag vereis vroeër in die oggend.
- Gebruik lêers en voorafgepoonsde kopieë sodat materiaal nie verlore raak nie.
- Trek boeke volgens 'n kleur per vak oor om dit makliker te vind (Hannell, 2006; Jones, 2004; Mastropieri & Scruggs, 2007; Prosser, 2006; Vaughn *et al.*, 2000).

#### 1.4.4 Lesbeplanning en aanbieding

Goeie lesbeplanning en aanbieding kan dit vir leerders makliker maak om sukses te behaal:

- Gebruik soortgelyke patronen om lesse en dae te begin.
- Verseker volgehoue opvoeder-/leerderinteraksie om te voorkom dat leerders vir die opvoeder wag sonder om iets te hê om te doen.
- Beplan die werk so dat dit sistematies en geleidelik vorder om sodoende leerders se kennis en begrip te bevorder en hulle deurlopend geïnteresseerd te hou (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001).
- Wissel tussen fisiese en verstandsaktiwiteite – aktiwiteite wat meer aandag verg. Neem in aanmerking dat leerders gewoonlik vroeg in die skooldag beter werk (Prosser, 2006).
- Beplan aktiwiteite op verskillende vlakke: wanneer leerders besig is met aktiwiteite op hul vlak sal hulle nie maklik ander ontwrig of gesels nie (Prinsloo, 2005).
- Koester hoë verwagtings van alle leerders (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; Moll & Drew, 2006).
- Sorg dat leerders sukses in die leerproses ervaar. Skep geleenthede vir leerders om sukses te beleef en prys hulle individueel binne hoorafstand van hul portuurgroep (Moll & Drew, 2006; Prinsloo, 2005).

- Beplan die les en assessering volgens die leerder se vermoëns en behoeftes (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001).
- Beplan vooraf met wie leerders in die klas vir sekere aktiwiteite afgepaar kan word.
- Sorg vir 'n opvoeder-vriend wat op hoogte is van wat in jou klas gebeur na wie uiters moeilike leerders gestuur kan word wanneer al jou pogings om die leerder te beheer misluk (Vaughn *et al.*, 2000).
- Gebruik 'n klasmaat om leerders te help en beloon hulle gesamentlik wanneer hulle goed werk.
- Beperk opvoederpraattyd – hou aandagspan in gedagte (Prosser, 2006).
- Hou opdragte kort en eenvoudig. Onderrig slegs een konsep op 'n slag (Alban-Metcalfe & Alban- Metcalfe, 2001; Hannell, 2006).
- Gebruik verskillende soorte assessering (mondeling, pen-en-papier, uitvoer van praktiese take, ens.) en maak aanpassings vir leerders wanneer beplan word deur realistiese doelwitte te stel sodat leerders sukses kan beleef (Vaughn *et al.*, 2000).
- Bied genoegsame geleentheid vir inoefening voor assessering plaasvind.
- Maak gebruik van alternatiewe vorme van assessering, byvoorbeeld mondelinge assessering (Prosser, 2006). Motiverende en genotvolle aktiwiteite verhoog leerders se geloof in hulself en ook hul motivering om take te voltooi. Dit is meer suksesvol om moontlike probleme by leerders met emosionele en gedragsbehoeftes te vermy as wat dit is om gedrag voortdurend te probeer beheer (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001).
- Laat ruimte in beplanning om nie net inhoud aan leerders te leer nie maar ook tegnieke, byvoorbeeld om notas te neem, te lees vir begrip- en wiskunde-strategieë . Die strategieë moet aangeleer word en op plakkate in die klas wees vir maklike verwysing (Hyam, 2007; Vaughn *et al.*, 2000).
- Alle leerders hou van interessante en motiverende stories met 'n bietjie mistiek daarin. Saam met stemtoon en volume kan dit nuttige strategieë wees tydens lesaanbiedings om leerders se aandag te kry en te behou

(Prinsloo, 2005; Prosser, 2006).

- Hoe meer sintuie betrek word tydens lesaanbieding hoe beter.
- Maak gebruik van pouses in aanbiedings, intonasie, stemtoon, selfs dramatisering asook interessante hulpmiddels soos handpoppe en werklike items wat bespreek word, byvoorbeeld 'n duif in 'n Natuurwetenskap-les, om leerders se aandag kry en te behou.
- Onderrig rondom temas is tot voordeel van leerders indien daar eksplisiete verbande getrek word tussen die verskillende aspekte. Dit verhoog retensie en bevorder taalontwikkeling, en skep ook 'n gevoel van "ek kan" by leerders, wat motiverend is.
- Laat ruimte vir leerders om rustig te raak na pouses en groepsaktiwiteite. Sommige leerders skakel moeilik oor van speel na 'n aktiwiteit soos stillees (Prosser, 2006).
- Staan tydens lesaanbieding naby leerders wat maklik afgelei word om hulle aandag te hervestig met die minste moontlik afleiding van ander leerders (Bester, 2006).
- Indien 'n leeraktiwiteit angste na vore bring by leerders, behoort daar alternatiewe aktiwiteite verskaf te word (Hannell, 2006; Mastropieri & Scruggs, 2007). Byvoorbeeld, wanneer 'n lewend duif in die klas bestudeer word kan 'n leerder met 'n fobie vir voëls geakkommodeer word deur met 'n prent van 'n duif in 'n ander klas te werk.

#### 1.4.5 Bevordering van taakgerigte gedrag

Taakgerigte gedrag kan op die volgende maniere bevorder word:

- Verskaf 'n maat-organiseerde en gee tyd om byvoorbeeld die korrekte materiaal of plek in die handboek te vind. Dit help om leerders te motiveer en beter te laat luister, omdat hulle dan alles het wat hulle benodig (Mastropieri & Scruggs, 2007).
- Verskaf vroegtydig 'n kontrolelys vir items wat in die klas benodig word aan leerders en ouers (Hannell, 2006).

- Toon duidelik aan wanneer leerders met 'n taak moet begin (Cooper & Bilton, 2002; Mastropieri & Scruggs, 2007).
- Verskaf voorbeelde van suksesvolle werk en die prosesse en strukture wat gebruik is om daar uit te kom met steierwerk. Breek dit in toepaslike dele op (Vaughn *et al.*, 2000).
- Help leerders om beter te luister deur hulle toe te laat om te krabbel of te staan terwyl hulle luister (Prosser, 2006).
- Leer leerders om notas te neem om hul aandag te fokus (Mastropieri & Scruggs, 2007).
- Hou leerders taakgerig deur take interessant te maak en 'n motiverings-element in te bou.
- Breek take op in kleiner dele of stappe, sodat dit nie leerders oorweldig nie (Hannell, 2006; Prinsloo, 2005).
- Ontwerp selfmoniteringskontrolelyste wat leerders kan afmerk nadat hulle aktiwiteite voltooi (Farrell, 2006).
- Verskaf gereelde positiewe terugvoering tydens die taak en vermeerder dit selfs vir moeiliker take (Mastropieri & Scruggs, 2007; Prosser, 2006).
- Laat leerders take/opdragte in hul eie woorde omskryf (Canter & Canter, 2001).
- Verander die vlak waarop leerders geassesseer word sodat die leerder sukses kan beleef. Die aantal take of die inhoud daarvan kan selfs verminder word (Moll & Drew, 2006).
- Laat leerders toe om kleur te gebruik om take/opdragte te organiseer (Bester, 2006).
- Spoor leerders aan om taakgerig te bly, byvoorbeeld wys die plek in 'n leerder se boek aan. Beweeg deur die klas en merk die dele van die werk wat reeds gedoen is om probleme uit te skakel en vordering aan te toon (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001).
- Verskaf individuele aandag en ondersteuning, selfs na skool (veral met

lees, aangesien dit dikwels 'n hindernis is) (Royer, 2005).

- Wanneer leerders iets nie verstaan nie en op hulp van die opvoeder wag, laat hulle toe om solank met 'n ander deel van die werk aan te gaan terwyl hulle wag. (Mastropieri & Scruggs, 2007).

## 1.5 AKSIENAVORSING

Aksienavorsing vereis van opvoeders om 'n tree terug neem uit hul betrokkenheid en om meer bewus te raak van hul rol as deelnemer/waarnemer in die klas. Dit behels dus dat opvoeders eerstens op hul eie optrede en gedrag reflekter asook op die impak of effek daarvan op die leerders, en tweedens op die nodige aanpassings in praktyke reflekter (Holly, Arhar & Kasten, 2005; McNiff & Whitehead, 2005).

## SESSIE 2

In hierdie sessie word aandag geskenk aan aspekte van die meer algemene emosionele en gedragsbehoeftes, byvoorbeeld voorkoms, moontlike oorsaaklike faktore, eienskappe van die spesifieke gedragsbehoeftes en strategieë om leerders met die tipe behoeftes te ondersteun.

### 2.1 AANDAGTEKORT/HIPERAKTIWITEITSVERSTEURING (AT/HV)

Twee-en-'n-kwart-miljoen leerders wêreldwyd is met AT/HV gediagnoseer (Mastropieri & Scruggs, 2007). Dit kom meer algemeen voor onder seuns as dogters, in 'n verhouding van 6:1 (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; Winter, 2007). In 'n klas van 40 leerders is die kans groot dat minstens twee leerders (in 'n mindere of meerdere mate) met simptome daarvan sal呈teer. Die meeste leerders met AT/HV is in hoofstroomklasse en slegs 'n klein gedeelte is in spesiale onderwys (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; Mastropieri & Scruggs, 2007).

Dit is ook in Suid Afrika die geval as gekyk word na die aantal leerders met spesiale behoeftes wat in die beleid vir insluitende onderwys (Department of

Education, 2001) vermeld word wat nie in spesiale skole geakkommodeer is nie.

### 2.1.1 Eienskappe van AT/HV

Daar is twee tipes AT/HV, naamlik die aandagtekort/afleibare tipe en die impulsief-hiperaktiewe tipe:

#### 2.1.1.1 Aandagtekort/Afleibare tipe

Leerders wat onder die afleibare tipe AT/HV val, toon die volgende gedrag:

- Gee dikwels nie aandag aan detail nie of maak onnodige foute
- Ervaar probleme om aandag te hou by take of aktiwiteite (hoewel hulle soms hul aandag kan bly bepaal by dinge soos die rekenaar en TV-speletjies wat hulle interesseer)
- Lyk of hulle nie luister nie wanneer daar direk met hulle gesprek word
- Volg nie instruksies of voltooi nie take of skoolwerk nie
- Ervaar probleme om take en aktiwiteite te organiseer (bank deurmekaar, boeke weg, ens.)
- Vermy, hou nie daarvan, of is onwillig om take aan te pak wat langdurige aandag vereis
- Verloor dinge
- Is vergeetagtig ten opsigte van hulle daagliks aktiwiteite.

#### 2.1.1.2 Impulsief-hiperaktiewe tipe

Die impulsief-hiperaktiewe tipe word verder opgedeel in drie tipes, naamlik impulsief, hiperaktief, en gekombineerd of AT/HV:

##### A. Hiperaktiwiteit

Hiperaktiewe leerders toon die volgende gedrag:

- Vroetel met hande of voete en kan nie stil sit nie

- Verlaat dikwels hul bank/stoel in 'n situasie wanneer hulle moet sit
- Hardloop, klim en klouter oormatig tydens situasies waar dit ontoepaslik is (in ouer leerders en volwassenes gevoelens van onrustigheid – verander voortdurend van werk)
- Bly altyd aan die gang; lyk of hulle deur 'n motor voortgedryf word
- Praat oormatig.

#### **B. Impulsiwiteit**

Impulsiewe leerders toon die volgende gedrag:

- Skree/blaker antwoorde uit
- Sukkel om te wag vir hul beurt
- Onderbreek of pla ander (tydens speletjies en/of gesprekke) (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; Kewley, 2005).

#### **C. Gekombineerde tipe – Aandagtekort/Hiperaktiwiteitsversteuring (AT/HV)**

Hierdie tipe gedrag bevat elemente van beide die afleibare sowel as die impulsief-hiperaktiewe tipe (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; Bester, 2006; Hannell, 2006).

AT/HV kan slegs gediagnoseer word indien die gedragspatrone wanaangepas is en afbreuk doen aan sosiale of akademiese funksionering, en nie pas by die vlak van ontwikkeling nie. Die simptome moet reeds voor sewejarige ouderdom manifesteer, vir minstens ses maande teenwoordig wees en op minstens twee plekke voorkom, byvoorbeeld by die skool en huis (Mastropieri & Scruggs, 2007).

##### **2.1.2 Oorsake van AT/HV**

Die volgende oorsake kan 'n beduidende rol speel in die ontwikkeling en instandhouding van AT/HV:

- 'n Sterk genetiese verband
- Voedsel, byvoorbeeld hoë inname van suiker en kunsmatige kleursels word verbind met afleibare gedrag (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001)
- Sistemiese faktore, byvoorbeeld klaskamer-/skoolpraktyke, ouerskapstyl, en so meer (Farrell, 2006).

### **2.1.3 Strategieë vir opvoeders ten opsigte van AT/HV**

Verkry 'n sielkundige assessering om die moontlikheid uit te skakel dat 'n leerder depressief is, of simptome van ander vorme van emosionele en gedragsbehoeftes het, of bloot 'n begaafde leerder is wat verveeld is in die klas (Kewley, 2005).

Die volgende strategieë kan toegepas word om leerder met AT/HV in die klasverband te ondersteun:

#### ***2.1.3.1 Strategieë vir die aanvang van aktiwiteite***

- Maak oogkontak met die leerders om seker te wees jy hul aandag het.
- Stel opdragte duidelik en eenvoudig (liefs een konsep) aangesien leerders met AT/HV probleme ervaar om 'n reeks opdragte te prosesseer (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001).
- Gee klein hoeveelhede werk op 'n slag.
- Gee duidelike tekens vir leerders om met 'n taak te begin: "Maak jou boek oop op bladsy 30..., Skryf die datum..., Doen Vraag 1..." (Canter & Canter, 2001; Prosser, 2006).
- Gebruik verbale en geskrewe rigtingwysers, byvoorbeeld herinneringsnotas op die bord/bank om leerders te help onthou wat om volgende te doen (McNary, *et al.*, 2005).
- Sorg dat aanwysings uitstaan – gebruik byvoorbeeld kleurpenne, 'n groter lettertipe, en so meer (Bester, 2006).

### ***2.1.3.2 Strategieë vir die bevordering van taakgerigtheid***

- Hou take kort/hanteerbaar (breek opdragte op in dele om te voorkom dat leerders oorweldig voel), en hou take interessant, doelgerig en aktief. Leerders met AT/HV vind dit moeilik om hulle aandag te bepaal by take wat lank neem om te voltooи of passiewe luister vereis, of wat nie 'n duidelike eindpunt het nie (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; McNary, *et al.*, 2005).
- Leer leerders om op te let vir nie-verbale leidrade, byvoorbeeld oogkontak, die opvoeder wat naby hulle staan of 'n vooraf-gereelde teken. Dit help hulle om taakgerig te bly en dit is minder ontwrigtend vir die klas as 'n verbale teregwysing.
- Fluister 'n teregwysing sodat slegs die leerder hoor; harde, kwaai teregwysings neig om leerders met AT/HV meer verward te maak.
- Lig belangrike inligting uit deur die gebruik van kleure, neonmerkpenne en verskillende lettertipes, en sny verwarringe irrelevante inligting uit.
- Vermeerder positiewe versterking indien take lank en moeilik is.
- Gebruik selfmoniteringslyste waarop leerders voltooide aktiwiteite kan afmerk om so hulle eie konsentrasie en toewyding te bevorder (Farrell, 2006; Hannell, 2006).
- Gebruik selfspraak om hulle deur probleme te help, byvoorbeeld "Wat moet ek volgende doen? Waar moet ek begin? Het ek alles gedoen in afdeling A?" (Farrell, 2006).
- Gee leerders 'n rede om te luister "As jy mooi luister sal jy sien hoe maklik en lekker dit is om...".
- Leer leerders om notas te neem en moedig die gebruik van notaboek en organiseerders aan (Hannell, 2006; Mastropieri & Scruggs, 2007).
- Gebruik positiewe motivering, byvoorbeeld, "Ek kan sien Pieter, Jana en Sarie het geluister en die plek gevind" (Canter & Canter, 2001).
- Laat leerders toe om te krabbel (*doodle*) terwyl hulle luister.
- Laat leerders op 'n ander plek sit of selfs staan as dit luister bevorder,

byvoorbeeld weg van die groep (McNary, *et al.*, 2005).

- Vorm 'n dinksrum met ander leerders (wat weet hoe om hulself te organiseer) sodat diegene wat daarmee sukkel kan sien hoe ander leerders organisatoriese take aanpak byvoorbeeld, notas maak vir hulself, hulself herinner, vooruit beplan en hulself aan moedig om taakgerig te bly.
- Gebruik wit geruis (*white noise*) om ouditiewe afleibaarheid te verminder en taakgerigtheid te bevorder (Barok-musiek soos die van Vivaldi stimuleer die produksie van regtbrein-golwe) (McNary, *et al.*, 2005).
- Gebruik 'n klasmaat wat by die leerder sit en beloon albei saam wanneer hulle taakgerig werk.

Nicholson (2005) het bevind dat 60-90 persent van leerders met emosionele en gedragsbehoeftes lees of ander skolastiese probleme ervaar. Daar bestaan talle bewyse dat gedrag verbeter indien hierdie leerders veral leestake makliker beleef. Op die lang duur is dit 'n goeie strategie om akademiese behoeftes so gou moontlik aan te spreek.

#### ***2.1.3.3 Strategieë vir die beheer van oormatige aktiwiteit***

- Gebruik aktiwiteit as beloning, byvoorbeeld wanneer 'n leerder vinnig met sy werk klaar maak, kan hy die plante water gee.
- Gebruik 'n twee-sitplek plan – laat leerders toe om te staan wanneer hulle werk, wydsbeen agterstevoor op die stoel te sit, en so meer
- Moedig aktiewe deelname aan, byvoorbeeld leerders gebruik hulle hande om aan te dui wanneer hulle tel (McNary, *et al.*, 2005).
- Beloon die leerder wat neig om in die klas rond te loop wanneer hy sit (Bester, 2006).

#### ***2.1.3.4 Strategieë vir die beperking van impulsiewe gedrag***

- Verskaf aanvaarbare alternatiewe aktiwiteite om leerders weg te neem uit moontlike impulsiewe situasies, byvoorbeeld sluit die klas oop om te

voorkom dat probleme ontstaan indien hulle lank in die ry staan.

- Werk met die leerder om 'n "Stop-Dink-Handel" gewoonte aan te leer.
- Skryf vrae en antwoorde eers neer voor dit uitgeskree word (vir jong leerders gebruik die opvoeder 'n robot en wissel die kleure: Rooi = stop, Oranje = dink, en Groen = handel: steek hand op, skryf, ens.)
- Leer aanvaarbare sosiale gedrag vir gesprekke, klasgedrag en interaksies met maats deur rolspel en inoefening.
- Beloon luister en aanvaarbare gedrag.
- Aangesien leerders met AT/HV dit moeilik vind om hul impulse te beheer, volg hulle 'n instruksie soos "Moenie dit of dat doen nie" met moeite. Gee dus liewer instruksies wat duidelik sê wat die leerder moet doen, byvoorbeeld "Staan stil vir drie sekondes..., Kyk vir my..., Glimlag..., Dink nou oor jou keuses" (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; Bester, 2006; Canter & Canter, 2001; Hannell, 2006).

#### ***2.1.3.5 Strategieë vir die bevordering van onafhanklike werk***

- Struktureer die omgewing sodat leerders sukses kan beleef nitemstaande hulle behoeftes, soos wat onder die onderskeie klasbestuur-praktyke in die eerste sessie bespreek is. Gee erkenning aan episodes van toepaslike konsentrasie, selfs al is dit kort en ongereeld.
- Pas take aan by die leerder sevlak van funksionering (Prinsloo, 2005).
- Gee kort aanwysings (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001).
- Hou take kort (McNary, *et al.*, 2005).
- Stel kontrolelyste saam vir selfmonitering en taakvoltooiing (Farrell, 2006).
- Gee positiewe versterking (Hannell, 2006).

#### ***2.1.3.6 Strategieë vir die nakoming van reëls***

- Stel redelike grense en hou daarby – om AT/HV te hê beteken nie dat leerders kan doen net wat hulle wil nie (McNary *et al.*, 2005).

- Stel prioriteite vir verwagtinge waaraan die leerders moet voldoen.
- Hou by 'n goeie roetine, dit bevorder die nakoming van reëls.
- Maak gebruik van 'n paar eenvoudige klasreëls. Plak dit op in die klas en hersien dit gereeld. Verskaf ook aan leerders 'n kopie van die reëls.
- Leerders moet help om die reëls op te stel en moet verstaan hoekom reëls nodig is (McNary, *et al.*, 2005).
- Gebruik modellering of rolspel om te toon hoe reëls nagekom word.
- Illustrer reëls met duidelike voorbeeld van belonings en gevolge.
- Pas reëls konsekwent en met selfvertroue toe.
- Pas reëls effektief toe. Implementeer die gevolge van ontoepaslike gedrag onmiddellik (bv. 'n teken word verbeur) (Hyam, 2007).
- Gebruik aanmoediging en beloning om taakgerigte en beheersde gedrag te motiveer, byvoorbeeld 'n stel erkenningskaarte vir toepaslike gedrag met opskrifte soos: "Mooi, jy het dadelik begin!" of: "Oulik, jy het jou werk voltooi!" en gee dit aan leerders. Wanneer 'n leerder 'n sekere hoeveelheid kaarte verdien het word 'n klein beloning gegee (Hannell, 2006; Farrell, 2006; Prinsloo, 2005).
- Gebruik ook tasbare erkenning vir dit wat bereik is soos wapens, sertifikate, en so meer (McNary, *et al.*, 2005).
- Indien 'n reël oortree word moenie vra "Waarom het jy dit gedoen nie?" Stel eenvoudig watter reël verbreek is en praat met die leerder oor hoe die probleem opgelos kan word.

#### ***2.1.3.7 Strategiee om die klaskamer en klasbestuur aan te pas***

Pas die fisiese omgewing aan deur die leerder se plasing ten opsigte van ander leerders of steurnisse, en moontlike gevaaarlike voorwerpe soos proefbuise, waaiers (Cooper & Bilton, 2002).

- Help die leerder om sy aandag te fokus deur entoesiasties en duidelik te onderrig met wisseling in tempo, tipe aktiwiteit, ekstra hersiening en

selfmonitering.

- Verskaf 'n afleidingsvrye omgewing vir toetse, eksamens en take.
- Laat konsessies toe ten opsigte van ekstra tyd, hulp met beplanning, uitlig (*highlight*) van instruksies, asook die beplanning van die tyd wat aan vrae bestee behoort te word, en so meer.
- Gee leerders genoeg tyd om hulself te organiseer, byvoorbeeld boeke te vind en weg te pak of huiswerk af te skryf (McNary, *et al.*, 2005).
- Vermy 'n oorvol bank met los papiere en materiaal.
- Gebruik 'n ringbinder en verskaf vooraf-geponsde materiaal van klasnotas en werk wat op die bord gedoen is (Hyam, 2007).
- Benut elke moontlikheid om leerders se selfbeeld te bevorder (Cooper & Bilton, 2002).
- Leer klasmaats hoe hulle diegene met emosionele en gedragsbehoeftes kan help, byvoorbeeld deur ontoepaslike gedrag te ignoreer.
- Gee voorbeelde van aanvaarbare gedrag om verwarring en frustrasie te vermy: "Jy kan die volgende sê indien iemand te na aan jou staan of sit ... Die volgende is iets wat jy nie moet sê nie ..., Sê eerder ..."
- Gee ook aan die leerder met emosionele en gedragsbehoeftes klastake soos om die deur oop te sluit, boeke in die motor te gaan haal, en so meer (Bester, 2006; Cooper & Bilton, 2002; Hannell, 2006).

Die rol en samewerking van ouers is belangrik veral in die geval van leerders met emosionele en gedragsbehoeftes. Hierdie aspek word meer breedvoerig in sessie 3 bespreek.

## 2.2 OPPONERENDE, TARTENDE GEDRAG

Opponerende gedrag is die toestand wat sterk met AT/HV geassosieer word. 'n Geskatte 40 persent van jonger leerders en 65 persent van tieners met AT/HV toon tekens van opponerende gedrag (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; Bester, 2006). 'n Graad van opponerende gedrag is egter normaal vir sekere

ontwikkelingsfases, soos byvoorbeeld op 2 tot 3-jarige ouderdom waar kinders fisiese onafhanklikheid nastreef. Tydens adolessensie kan dit weer voorkom wanneer die leerder poog om sy eie identiteit te vorm (Hannell, 2006).

### **2.2.1 Eienskappe van leerders met opponerende, tartende gedrag**

Leerders met opponerende, tartende gedrag toon die volgende eienskappe:

- Ondervind probleme met interpersoonlike verhoudings en toon langdurige opponerende of oppositionele gedrag wat uitdagend of uittartend is, veral teenoor volwasse gesagsfigure (Kapp, 1991)
- Lok klaarblyklik doelbewus konflik uit deur te weerspreek wat gesê word en te weier om gehoor te gee aan reëls of redelike versoekes
- Blyk uit hul pad te gaan om volwassenes en gesagsfigure uit te daag oor klein en groot sake (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; Bester, 2006; Cooper & Bilton, 2002;)
- Neig om baie liggeraak te wees en kan maklik deur ander leerders ontstig word (Cooper, 2005)
- Opponeer dit wat normaalweg maklik deur ander aanvaar word (bv. oordryf die punt dat hulle nie van iets hou nie so dat dit 'n aktiwiteit wat ander geniet sal ontwrig (Hannell, 2006)
- Daag redelike en billike reëls, instruksies en versoekes uit (bv. verbreek 'n reël met die wete dat 'n volwassene toekyk, soos om 'n maat reg voor die opvoeder te skop) (Bester, 2006; Cooper & Bilton, 2002)
- Presenteer met intense vinnige gemoedsverandering wat tot erge woede oor 'n beuselagtigheid kan lei (Cooper & Bilton, 2002).

### **2.2.2 Oorsake van opponerende, tartende gedrag**

Verskeie oorsake word vermeld vir opponerende en tartende gedrag by leerders:

- Innerlike persoonlikheidstrekke speel 'n rol. Party leerders word eenvoudig gebore met 'n sterker neiging om vasberade en individualisties te wees. In sommige gevalle word die onderliggende persoonlikheidseienskappe

uitgedruk as opponerende tartende gedrag, terwyl in ander gevalle die eienskappe weer positiewe attribute in die volwasse wêreld is.

- Opponerende tartende gedrag word dikwels geassosieer met onkonsekwente volwasse dissipline (ouersisteem of skoolsisteem) wat fluktueer tussen ongenadiglike strafmetodes tot oorbetrekkenheid of verwaarlozing.
- Klaskamerpraktyke sonder struktuur en duidelik konsekwente reëls is sistemiese faktore wat kan bydra tot die gedrag.
- Opponerende tartende gedrag word ook verbind met disfunkksionele gesinne, hoewel nie altyd nie.
- Leerders wat presenteer met opponerende tartende gedrag gebruik die vorm van gedrag by gebrek aan alternatiewe om op 'n sosiaal onaanvaarbare manier status en selfrespek te verwerf, of om te kompenseer vir gevoelens van persoonlike minderwaardigheid.
- Daar blyk 'n wisselwerking te wees tussen persoonlikheid en situasie en derhalwe kan 'n predisposisie vir opponerende tartende gedrag aangevuur word deur 'n gesins- of gemeenskapskultuur waarin die tendense gemodelleer of aangemoedig word (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; Bester, 2006; Cooper & Bilton, 2002; Hannell, 2006).

### **2.2.3 Strategieë vir die hantering van opponerende, tartende gedrag**

Opvoeders kan in hul hantering van leerders met opponerende en tartende gedrag die volgende strategieë gebruik:

- Leerders met opponerende tartende gedrag het dikwels min of geen ondervinding in die gebruik van aanvaarbare gedrag nie – hulle repertoire van alternatiewe is baie beperk. Dit is waardevol om tyd en moeite in te sit in die ontwikkeling van meer aanvaarbare alternatiewe (Hannell, 2006).
- Vind uit wat ontlok die gedrag (*triggers*) sodat alle betrokke partye soos ouers, opvoeders en ander belangrike persone in die leerder se lewe weet watter omgewingsfaktore en bestuurstyle die gedragsbehoefte kan minimaliseer, en dit dus vermy (Hannell, 2006; Farrell, 2006; LeBlanc, Le

& Carpenter, 2000).

- Alle belangrike volwassenes in die leerders se lewe moet hul pogings koördineer om bestendigheid te verseker (Hannell, 2006).
- Beheer en die behoud van persoonlike waardigheid is belangrik vir leerders met opponerende tartende gedrag. Gedragsbeheer moet dus in privaatheid geskied, sodat die leerder nie in die posisie geplaas word dat hy te alle koste sal voortgaan met die opponerende gedrag in 'n poging om nie sy waardigheid voor maats te verloor nie. Hierdie leerders is gewoonlik nie gewillig om 'n ooreenkoms voor maats aan te gaan nie (Kapp, 1991; Hannell, 2006).
- Prioritiseer wat belangrik is en nagekom moet word, en laat die leerder keuses hê in minder belangrike sake. (*Choose your battles.*)
- Lewensbelangrike sake of sake met groot interpersoonlike risiko's kan hanteer word deur duidelike grense te stel en gevolge uit te spel indien dit nie nagekom word nie. Gebruik woorde soos "hoogste prioriteit" en "kode rooi" om aan te dui dat dit sake van kritiese belang is. Leerders behoort te weet dat die sake nie onderhandelbaar is nie, en dat opvoeders alles in hul vermoë sal doen om te verseker dat leerders met dié reëls konformeer (Hannell, 2006).
- Belê tyd daarin om 'n goeie rapport met die leerders op te bou. Laat hulle verstaan dat jy graag vertroue in en 'n goeie opinie van hulle wil hê.
- Bestee tyd aan samewerking en die nakoming van reëls. Pas reëls vinnig toe en vermy dit om betrokke te raak in eindeloze argumente. Benut eerder die energie deur aanvaarbare alternatiewe te vind (Canter & Canter, 2001).
- Leer leerders dat wanneer hulle klein takies vinnig en boonop met 'n positiewe houding afhandel, almal daarby kan baat. Gee beloningskaarte of tekens vir vinnige reaksie met 'n bonus vir 'n goeie houding.
- Leerders wat genoegsame kaarte/tekens versamel het word voorregte gegee wat gewoonlik beperk is tot ouer leerders, soos om sonder 'n maat iets na die kantoor te neem, om saam met 'n maat na die snoepie te loop

in plaas van in 'n ry, om op 'n ander plek te speel wat gewoonlik buite perke is vir die ouderdomsgroep, om apparaat (soos 'n sokkerbal) uit die stoer te leen vir pouse.

- Verbind toepaslike gedrag met positiewe gevolge, hoewel leerders met opponerende tartende gedrag neig om geen emosie te toon, hetsy positief of negatief, ten opsigte van beloning, voorregte of straf. In gevalle waar konvensionele beloning nie werk nie, gebruik kontrole as beloning omdat dit belangrik is vir die leerders. Byvoorbeeld, "Dit is jou keuse. Voltooи die wiskunde, dan kan jy besluit of jy eerste die begripstoets of die skrif wil doen."
- Volwassenes moet in staat wees om die positiewe en negatiewe gevolge te implementeer en dit moet vinnig gebeur nadat die leerder 'n gedragskeuse gemaak het. Moenie 'n onmoontlike langdurige straf daar stel nie want dan kan dit nie volgehoud word nie. Onthou, dié leerders se wêreld speel uit in minute en sekondes.
- Benut die geleenthede waar volwasse beheer nodig is maar daar tog ook ruimte is vir leerderkeuse. Hier kan leerder die keuse gegee word binne die volwassene se grense, byvoorbeeld om 'n sekere stuk werk teen 'n sekere datum te voltooi. Die presiese tyd wanneer hy die werk doen is egter onderhandelbaar en sy keuse. Die leerder is in beheer van die keuse, maar die volwassene is in beheer van die gevolge.
- Hou in gedagte dat belonings leerders se keuse behoort te wees, maar wees bewus dat hierdie voorkeure met verloop van tyd verander (Hannell, 2006).

## 2.3 HANTERING VAN GEDRAGSTEURNIS (*CONDUCT DISORDER*)

Gedragsteurnis word gekenmerk deur ernstige versteurings in die leerder se gedrag en verhoudings met ander persone.

### 2.3.1 Eienskappe van gedragsteurnis

Van die meer algemene kenmerke van gedragsteurnis sluit idie volgende in:

- Aanhoudende aggressiewe, vyandige gedrag met ernstige ontwrigting in hul verhoudings met ander
- Bevat al die elemente van opponerende gedrag plus erge aggressie en antisosiale gedrag (Bester, 2006; Kewley, 2005)
- Gedrag is in teenstelling met die belang, norme en waardes van die gemeenskap
- Langdurige patroon van disrespek vir die basiese regte van ander mense en wredeheid teenoor diere (Clough et al., 2005; Winter, 2007)
- Neig tot beperkte empatie – veral kwesbare maats en volwassenes word uitgesonder vir intimidasie, aggressie, wredeheid en antisosiale gedrag (Hannell, 2006), byvoorbeeld ongehoorsaamheid, vyandigheid, die beskadiging van eiendom, brandstigting, diefstal, bedrog, ongehoorsaamheid, leuens, stokkiesdraai, werkversuim, wraaksugtigheid, fisiese baklei, pika, en om uitskeiding teen mure te smeer
- Meer geneig tot betrokkenheid by dwelms, wapens, alkohol en om ander leerders in seksuele aktiwiteite en ander wandade te dwing (Bester, 2006; Clough et al., 2005; Hannell, 2006).

### 2.3.2 Oorsake van gedragsteurnis

Gedragsteurnisse kan deur die volgende veroorsaak word:

- Traumatisese kinderjare, byvoorbeeld onbevredigende ouer-kind verhoudings wat normale emosionele en sosiale ontwikkeling strem
- 'n Gebroke of onveilige gesinsagtergrond – gebrek aan toepaslike supervisie, onkonsekwente dissipline insluitend arbitrière en oormatige straf, kindermishandeling, en gereelde wisseling van oppassers
- Ouers met geestesafwykings, psigososiale probleme, dwelm- of drankmisbruik
- Swak rolmodelle vir gedrag soos gesinsgeweld
- Assosiasie met antisosiale portuurgroep (dikwels ouer leerders) kan lei tot

'n toename of instandhouding van die ontoepaslike gedrag

- Rol van genetiese en omgewingsfaktore – in baie gevalle is leerders met gedragsteurnis juis deel van 'n omgewing (gemeenskapsisteem) wat bevorderlik is vir die ontwikkeling van 'n gedragsteurnis (Hannell, 2006)
- Invloed van die skool-/klassisteem – gebrekkige toesig gedurende pouses, afwesigheid van opvoeders en leerders wat aan hulself oorgelaat word asook maats met 'n negatiewe invloed in die skoolopset.

### **2.3.3 Strategieë vir die hantering van gedragsteurnis**

Die volgende strategieë kan toegepas word in die hantering van gedragsteurnisse:

- Erken die feit dat 'n leerder met gedragsteurnis die produk is van 'n disfunksionele gesin of gemeenskap waarin mishandeling en ontoepaslike ouerleiding 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van die gedragsteurnis. Die optrede van die opvoeder moet nou poog om hierdie gedrag teë te werk.
- Organiseer vir toepaslike professionele hulp met ander organisasies soos FAMSA, die Departement van Sosiale Ontwikkeling, NICRO en ander geestelike welsynorganisasies.
- Maak seker dat opvoeders wat met die leerders werk opgewasse is om nakoming van reëls en samewerking te handhaaf (Prinsloo, 2005).
- Antisipeer dat leerders met gedragsteurnis werklike leerprobleme sal openbaar – beplan daarom 'n toepaslike program wat hul behoeftes aanspreek (Nicholson, 2005).
- Verskaf ferm, konsekwente gedragsgrense en implementeer gevolge gou en met selfvertroue indien grense verbreek word.
- Erken en neem die leerder in aanmerking, en betoon empatie in 'n ondersteunende en gekontroleerde omgewing.
- Bou 'n positiewe verhouding met die leerder en hou kommunikasiekanaale oop.

- Maak seker dat gevolge vir keuses van ontoepaslike gedrag 'n direkte verband het met die oortreding, byvoorbeeld indien 'n leerder 'n ander leerder geïntimideer of geteister het moet hulle na die persoon gaan en verskoning aanbied asook 'n vorm van kompensasie aanbied vir wat hulle gedoen het (Hannell, 2006).

## 2.4 DEPRESSIE

Depressie kom algemeen by baie kinders voor. Kinders wat depressief is kan duidelik teneergedruk of hartseer voorkom, of gewoon onttrek.

### 2.4.1 Eienskappe van depressie

Depressie word gekenmerk aan die volgende:

- Langdurige somber, isolerende, onttrekkende, terneergedrukte en huilerige gedrag en gevoelens
- Openbaar versteurde eet- en slaappatrone
- Lae aktiwiteitsvlak
- Swak konsentrasie
- Klaarblyklike gebrek aan belangstelling in suksesbelewing, wat maklik verwarr kan word met luiheid, belangeloosheid of opstandigheid (Cooper, 2005; Kapp, 1991; Vaughn *et al.*, 2000)
- Neig tot baie negatiewe denkwyse, soms met selfs met gedagtes of dade van selfskending
- Oorbewustheid van fisiese gesondheid met voortdurende klagtes oor pyne en ongesteldhede sonder enige organiese oorsaak (Cooper, 2005; Hannell, 2006; Harcombe, 2001)
- Neig om in interaksies met die portuurgroep te reageer met 'n fasade van opgewekte ekstrovertiese gedrag, byvoorbeeld 'n oormatige partyjiegees, maar is egter oneerbiedig, stuurs, ontwrigtend en humeurig teenoor volwassenes (Hannell, 2006).

## 2.4.2 Oorsake van depressie

Die oorsake van depressie is veelvuldig:

- Chemiese wanbalans van neuro-oordragstowwe in die brein
- Eksterne faktore, byvoorbeeld traumatische en tragiese gebeure soos dood, egskeiding, en so meer (Hannell, 2006)
- Faktore binne die skoolsisteem, byvoorbeeld voortdurende mislukking in akademiese take, verwerping deur maats en 'n uitsluitende skoolkultuur.

## 2.4.3 Strategieë vir die hantering van depressie

Verskeie strategieë kan toegepas word in die hantering van depressie:

- Maak seker dat 'n leerder wat geïrriteerd voorkom met lae motivering en konsentrasieprobleme oorweeg word as iemand met moontlike depressie. Dit kan maklik misgekyk word.
- Die negatiewe geïrriteerdheid kan sosialisering beïnvloed en dus is aksie in die verband nodig om die leerder te ondersteun.
- Let op lae motivering en/of belangstelling wat skoolwerk negatief beïnvloed. Dit is ontoepaslik om leerders met depressie te straf vir swak gehalte werk of die beperkte hoeveelheid werk wat gedoen word.
- Kommunikeer dadelik met ouers indien depressie by 'n leerder vermoed word.
- Reël vir toepaslike professionele hulp.
- Verseker dat die leerder ondersteunende positiewe ervarings het gedurende die skoolure.
- Laat ruimte vir die voltooiing van werk en bied ondersteuning.
- Moedig 'n positiewe gemoed aan en wys die leerder hoe om situasies positief te interpreteer asook hoe om konstruktief met negatiewe situasies te handel.
- Wees daarvan bewus dat 'n leerder met depressie moontlik nie die vermoë

het om deur wilskrag of wensdenkery vroliker te wees nie.

- Maak persoonlike kontak met die leerder sodat hy verstaan dat die opvoeder ondersteunend is.
- Let op vir tekens van erge depressie, byvoorbeeld die leerder gee die indruk dat selfskending oorweeg word.
- Kunswerke en geskrewe taal is dikwels die plek waar leerders aan hul diepste gedagtes uiting gee – wees op die uitkyk daarvoor.
- Depressie het nie 'n logiese basis nie en dikwels dink ons 'n leerder het alles om gelukkig te kan wees. Ten spyte daarvan kan hulle baie negatief en depressief wees. Moet dus nie aanvaar dat dit goed gaan met 'n leerder nie.
- Maak seker die klasomgewing is ondersteunend en positief en dat klasmaats mekaar wedersyds ondersteun en respekteer.
- Spreek sake aan wat kan bydra tot negatiewe en depressiewe gevoelens.
- Maak seker dat die leerder nie deur ander leerders geviktimiseer en geteister word nie.
- Maak gebruik van positiewe inspirerende stories en musiek om die negatiewe gevoelens teen te werk (Bester, 2006; Hannell, 2006).

## 2.5 ANGSVERSTEURINGS

Angsversteurings kan verskeie vorme aanneem, wat insluit paniekaanvalle, obsessieve-kompulsieve gedrag of spesifieke fobies.

### 2.5.1 Eienskappe van angsversteurings

Angsversteurings word aan die volgende eienskappe gekenmerk:

- Angstoestande word gekenmerk deur gevoelens van kommer, angstigheid en versigtigheid, dikwels met min rede daarvoor.
- Angstigheid is 'n normale menslike emosie wat 'n belangrike funksie het om leerders te lei om nie onnodige risiko's te neem nie. Oormatige

angstigheid is egter 'n deurdringende en heersende emosie wat teenproduktief is omdat dit leerders onnodig beangs maak vir alledaagse gebeure (Ayers & Prytys, 2002; Vaughn, *et al.*, 2000).

- Angstoestande lei tot interaksies met ander wat deurspek is met afhanklikheid of onttrekkingsgedrag. Hulle neig byvoorbeeld om groepwerk te vermy, vrae nie te antwoord nie, bied nie aan om dinge te doen nie en verkies om alleen te wees (Donald *et al.*, 2002).
- Angsversteurings kan verskeie vorme aanneem soos paniekaanvalle, obsessiewe kompulsies, spesifieke fobieë soos byvoorbeeld skoolfobie, algemene angsversteuring, verkose stomheid, regressiewe gedrag en post-traumatisiese stresversteuring (Donald *et al.*, 2002; Hannell, 2006).
- Prestasieangs ten opsigte van toetse, eksamens en mondelinge optredes kan leerders so beïnvloed dat hulle nie in staat is om inligting te herroep of te prosesseer nie (Harcombe, 2001).

Leerders wat mishandel word kan ook oormatig angstig voorkom, veral as die mishandeling nie bekend is nie. Dit moet egter nie verwarring word met angsversteurings nie. Dié leerders se angstigheid kan as gegronde beskou word (Hannell, 2006).

### 2.5.2 Oorsake van angsversteurings

Angsversteurings kan verskeie oorsake hê:

- 'n Familiegeskiedenis van angsversteurings.
- Natuurlike variasie onder leerders in hul innerlike geneigdheid tot angs.
- Dit kan geprikkel word deur ontoepaslike optredes deur volwassenes, byvoorbeeld 'n ouer wat hardvogtig optree wanneer die leerder angs toon, of die ouer se eie angstigheid wat die leerder se angsvlakte kan verhoog. Hier is dus sprake van 'n vrees bo-op 'n ander vrees: die leerder is bang om angstig te raak omdat dit 'n bepaalde negatiewe optrede by die ouer uitlok, of die ouer se vrees word op dié van die leerder oorgedra en versterk die leerder se vreesreaksie. Daar is dus nou twee onderliggende vrese – die vrees self en ook die vrees vir die volwassene se reaksie op

die vrees.

- Aan die ander kant kan onnodige erkenning van die leerder se vrees dit huis verleng en die voorkoms en intensiteit daarvan verhoog (bv. 'n leerder wat bang is vir water word nooit naby water toegelaat nie) (Hannell, 2006).
- Die impak van die skoolsisteem en praktyke kan nie buite rekening gelaat word nie. In die verband kan gedink word aan die vreemdheid van die skoolsituasie en die onsensitiwiteit/onbewustheid van opvoeders en mede-leerders ten opsigte van die leerder se onderliggende vrese. In sommige gevalle buit ander leerders huis die angstigheid van so 'n leerder uit, wat die skoolsituasie vir die leerder ondraaglik kan maak.

### 2.5.3 Strategieë vir die hantering van angsversteurings

Leerders met angsversteurings kan op die volgende maniere ondersteun word:

- Kognitiewe terapie, wat behels om die leerder te help om weg te beweeg van die emosionele respons na 'n respons wat kennis en logika bevat. Dit help die leerder om 'n realistiese bepaling van die situasie te maak, wat op sy beurt die emosionele response beperk.
- Beskerm die leerder teen sekere inligting wanneer dit oormatige angs kan veroorsaak.
- Angstige leerders is meer gemaklik wanneer hulle in 'n veilige, voorspelbare en ondersteunende omgewing is. So 'n omgewing kan deur voorspelbare klasbestuur-strategieë geskep word.
- Moenie 'n angstige leerder in 'n situasie forseer waarin hy paniekgerig kan raak nie.
- Stabiliseer die angstige leerder en bou geleidelik sy weerstand op teenoor die oorsaak van die angstigheid. Die ouer of die opvoeder kan in die verband help om ontspanne, speelse geleenthede te bied vir die leerder om naby die oorsaak van die angs te kan wees sonder om onnodige druk toe te pas.
- Bly kalm in die geval van 'n paniekaanval, praat sag, en maak seker dat

die leerder veilig voel. Onthou, reaksies in die stadium word gedryf deur emosies en nie logika nie. Ongekompliseerde versekering werk die beste (Bester, 2006; Hannell, 2006).

## SESSIE 3

### 3.1 OPVOEDER/OUER VERHOUDING

'n Venootskap tussen die ouers en die skool kan bevorder word indien die skool ingestel is op die behoeftes van die ouer en hulle betrek in die besluitnemingsprosesse oor programme wat vir die leerder nodig is (McNary *et al.*, 2005; Moll & Drew, 2006).

- Tydens oueronderhoude is dit belangrik om deur die oë van die ouers na die leerder te kyk. Gebruik terminologie wat die ouers begryp omdat opvoeders se sterk identifikasie met 'n kultuur van onderwysprofessionalisme 'n kommunikasiegaping kan veroorsaak. Wees bewus daarvan dat ouers en ander persone soms opvoeders beleef as persone wat die indruk skep dat hulle alleen oor al die kennis beskik, en besluite maak oor leerders sonder om die ouers te betrek (McNary *et al.*, 2005).
- Ouers kan belangrike inligting oor die leerder verskaf, byvoorbeeld sy sterkpunte, situasies wat aanleiding gee tot die gedrag (*triggers*) en sy gedrag in 'n ander sisteme soos in die ouerhuis. Ouers kan ook gebruik word as vennote in die implementering van gedragsprogramme, of hulp verleen in die klas (deur op te tree as assistent in die klas), of by die opstel van beleid (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; McNary *et al.*, 2005; Farrell, 2006; Winter, 2007).

Berei voor vir onderhoude met ouers deur gebruik te maak van insette van alle opvoeders wat betrokke is by die leerder, administratiewe personeel en die skoolondersteuningspan, asook inligting uit ondersteuningsdokumente wat op die leerder se profiel gevind kan word (Moll & Drew, 2006).

- Begin en eindig die vergadering met ouers altyd met positiewe opmerkings, noem byvoorbeeld die leerder se sterkpunte of belangstellings.
- Spreek ouers se kommer so vroeg moontlik in die vergadering/onderhoud aan en demonstreer empatie en begrip deur met respekte te luister na hul standpunt (McNary *et al.*, 2005).
- Moenie ouers laat voel dat hulle die oorsaak vir die leerder se swak gedrag is nie (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; Hannell, 2006).
- Moenie van ouers verwag om die leerder se gedrag tydens skoolure te beheer deur hulle by die huis daarvoor te moet straf nie (Hyam, 2007).
- Bevorder goeie kommunikasie tussen die skool en die huis. Wanneer 'n probleem ontstaan kan dit vinnig geïdentifiseer en hanteer word indien daar goeie kommunikasie tussen die huis en skool betaan (Hannell, 2006; Farrell, 2006).
- Waak daarteen om slegs negatiewe boodskappe huis toe te stuur. (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; Farrell, 2006).
- Staan die ouers by in hul soeke na ondersteuning. Verskaf inligting oor waar neuroloë, psigiaters, pediaters, sielkundiges, en ander dienste wat bekom kan word. Medikasieterapie kan soms suskesvol met ander benaderings gekombineer word vir byvoorbeeld AT/HV, depressie, angsversteurings en selfs oppositionele gedrag (Cooper & Bilton, 2002; Hannell, 2006; Farrell, 2006).
- Fasiliteer kontak tussen ouers en ondersteuningsgroepe (Farrell, 2006) soos byvoorbeeld ADASA.
- Omdat sommige leerders voortdurend herinner moet word aan huiswerk en toetse, kan ouers en die skool saamwerk om 'n ondersteunende netwerk te vorm. Indien ouers vooraf huiswerk- en toetsdatums ontvang kan hulle help sorg dat die leerder gereed is vir toetse en ook die nodige materiaal het vir projekte (Hyam, 2007; Prosser, 2006).
- Maak die bestuur van die leerder 'n spanpoging van al die belanghebbende volwassenes, ouer broers en susters, sodat almal in

dieselbde rigting tot voordeel van die leerder werk (Cooper & Bilton, 2002).

### 3.2 SKOOLBESTUUR

Die wyse waarop die skool bestuur word kan opvoeders bemagtig en die voorkoms van emosionele en gedragsbehoefstes by leerders verminder:

- Laat opvoeders onderwys gee in hul sterk areas en versprei leerders met emosionele en gedragsbehoeftes tussen klasse (Prinsloo, 2005; Walther-Thomas, Korinek, McLaughlin & Williams, 2000).
- Maak seker dat leerders met emosionele en gedragsbehoeftes, veral die met uitdagende gedrag, toegewys word aan opvoeders wat in staat is om hulle te beheer en wat kan verseker dat leerders reëls nakom (Hannell, 2006).
- Kweek 'n kultuur van warmte, omgee en akademiese uitmuntendheid (Prinsloo, 2005).
- Die skool se rooster behoort aan te pas by die behoeftes van die leerders. So kan sekere vakke wat baie konsentrasie vereis vroeg in die skooldag aangebied word (Prinsloo, 2005).
- Opvoeders behoort as 'n span op te tree en die verantwoordelikheid vir dissipline in die skool te deel (Oosthuizen, 2006).
- Die invloed van pouses en tye voor en na skool op die leerder met emosionele en gedragsbehoeftes behoort deeglik gemoniteer en bedink te word aangesien navorsing toon aan dat tot 50 persent van insidente waarby die leerders betrokke is gedurende hierdie tye plaasvind.
- Die invloed van opvoeders se verlof en afwesigheid op die stabiliteit van leerders moet ook in ag geneem word (Furlong, Morrison & Fisher, 2005).

### 3.3 HOE KAN OPVOEDERS HUL TAAK VERAANGENAAM EN VERGEMAKLIK?

Die volgende riglyne kan opvoeders bystaan om hul taak te vergemaklik:

- Begin elke dag/periode op 'n "skoon bladsy" (Canter & Canter, 2001) en poog so dat probleme wat in die verlede met leerders ondervind is nie huidige verhoudings beïnvloed nie.
- Hou alternatiewe aktiwiteite gereed wat op die vlak van die leerder is wanneer die leerder vasbrand (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001; Mastropieri & Scruggs, 2007; Nicholson, 2005).
- Ontwerp en gebruik aktiwiteitskontrolelyste (Farrell, 2006; Prosser, 2006).
- Werk daarna dat leerders hulself kan moniteer.
- Maak gebruik van goed gekose portuurmaats wat kan ondersteun.
- Maak gebruik van groepe van een, aangesien dit vir sommige leerders makliker is om alleen te werk wanneer die res van die klas in groepe werk.
- Gebruik gedragskontrakte wat individueel tussen die leerder en opvoeder onderhandel is. Hierin word spesifieke verwagte gedrag gelys en hoe positiewe gedrag beloon word, asook wat die gevolge van negatiewe gedrag sal wees (Mastropieri & Scruggs, 2007).
- Opvoeders behoort oor 'n hele repertoire response te beskik om leerdergedrag te beheer, byvoorbeeld nabijheid, heraanwysing, verbale aanmoediging, tekens en spesifieke instruksies (Hannell, 2006; Prinsloo, 2006).
- Wees verdraagsaam en gebruik goeie oordeel oor wanneer om samewerking af te dwing. Soms benodig 'n leerder eers tyd om af te koel. Indien samewerking afgedwing word tydens sulke omstandighede kan dit lei tot uiterste ontwigting (Canter & Canter, 2001).
- Werk aan die selfbeeld van leerders, aangesien 'n leerder met 'n lae selfbeeld neig om te reageer met ongewenste gedrag wanneer die fokus op hom geplaas word (Prinsloo, 2005).
- Beperk dreigemente en vernedering of verkleinering van leerders. Poog eerder om die probleem te identifiseer as om die skuld op die leerder te plaas (Oehlberg, 2006).
- Verdeel die dag in hanteerbare dele omdat dit moeilik is vir leerders om

hulle te alle tye goed te gedra.

- Verdien respek deur respek aan leerders te betoon (Prinsloo, 2005).
- Ontwikkel individuele ondersteuningsplanne (Cooper & Bilton, 2002; Moll & Drew, 2006).
- Indien niks anders werk wanneer 'n leerder met uiters onhanteerbare gedrag reageer nie, beroep jou op die ondersteuning van 'n opvoeder-vriend of 'n senior personeellid soos die hoof, adjunkhoof of departementshoof (Prinsloo, 2005).
- Wanneer 'n klasatmosfeer gekenmerk word deur warmte en vertroue kan suksesvolle leer plaasvind en minder spanning beleef word (Oehlberg, 2006).

### **3.4 ANDER STRATEGIEË VIR DIE HANTERING VAN EMOSIONELE EN GEDRAGSBEHOEFTES**

Tydens die aanbiedings is die praktiese toepassing van sommige strategieë geïllustreer aan die hand van gevallestudies, of deur voorbeeldte gebruik wat opvoeders tydens 'n sessie vermeld het.

#### **3.4.1 Gedragmodifikasie**

Literatuur dui toenemend daarop dat gedragsbehandeling 'n belangrike komponent kan wees om emosionele en gedragsbehoeftes aan te spreek. Meeste metodes kombineer 'n verskeidenheid komponente in verskillende omgewings vir optimale effek.

Een van die kenmerke van gedragsbehandeling is dat dit geïmplementeer kan word deur individue wat naby aan die leerder is, byvoorbeeld ouers, opvoeders, broers of susters, maats en die leerder self. Gedragshanteringstegnieke kan 'n gebruikersvriendelike hulpmiddel wees om in die behoeftes van leerders met emosionele en gedragsbehoeftes te voorsien (LeBlanc *et al.*, 2000). Vervolgens word 'n aantal van die strategieë vir gedragshantering bespreek.

### ***3.4.1.1 Operante procedures***

Operante procedures word tipies gebruik om toepaslike gedrag te vermeerder en ontoepaslike gedrag te verminder of te elimineer. Daarom is dit nodig om te bepaal wat aanleiding tot die gedrag gee, wat die gedrag in stand hou of waarom die gebrek aan sosiale vaardighede by die leerder bestaan. Ontoepaslike gedrag kan weiering om skool toe te gaan, ontwrigtende gedrag in die klas, vloekery, slegte buie en aggressie behels, asook die onvermoë om maats te behou (LeBlanc *et al.*, 2000). Versterkers of motiveerders word beskou as enige stimulus wat volg wanneer sekere gedrag voorkom en die moontlikheid verhoog dat die gedrag weer sal voorkom (Prinsloo, 2005).

Een van die mees effektiewe strategieë om gedrag te verander is om die gevolge van die gedrag te verander. Dit is daarom toepaslik om positiewe gedrag te verbind met positiewe gevolge en om ontoepaslike gedrag teen te werk met negatiewe gevolge (Hannell, 2006).

Die primêre klasse van gedrag is *positief versterkend*, byvoorbeeld sosiale motiveerders, of *negatief versterkend*, byvoorbeeld om te ontsnap uit moeilike situasies (LeBlanc *et al.*, 2000). Onthou dus dat leerders met emosionele en gedragsbehoeftes dikwels 'n behoefte aan aandag het en derhalwe soms neig om negatiewe gedrag te gebruik om aandag te kry (Oehlberg, 2006). Hierdie leerders moet dus aandag vir goeie gedrag ontvang voor hulle oorgaan tot negatiewe optrede (Canter & Canter, 2001; Farrell, 2006).

Opvoeders versterk ongelukkig dikwels negatiewe gedrag deur dit onnadenkend met aandag te beloon. Die opvoeder se argument teen die gedrag beloon eintlik die ongehoorsame leerder met ekstra aandag.

*Versterking* is enige stimulus wat volg op die voorkoms van sekere gedrag en wat die moontlikheid van toename in die tipe gedrag verhoog. Daarom is dit nodig om toepaslike gedrag te verbind met positiewe gevolge om te vergoed vir die feit dat ontoepaslike keuses gevvolg word deur negatiewe gevolge (Raymond, 2008).

### A. Positiewe versterking

Positiewe versterking behels dat gewenste gedrag gevolg word deur 'n stimulus wat die leerder verkies en sodoende die voorkoms van die tipe gedrag in die toekoms verhoog (LeBlanc *et al.*, 2000; Raymond, 2008). Deur die leerder vir gewenste gedrag te beloon (positiewe versterking) toon die opvoeder dat die leerder sy vertroue verdien en so meer verantwoordelikheid of vryheid verkry (Hannell, 2006).

### B. Toepassing van positiewe versterking

- Identifiseer die gedrag wat moet verander. Let veral op gedrag wat sal lei tot verbetering in die funksionering van die leerder en wat belangrik is vir die leerder, ouers en opvoeders, soos voltooiing van huiswerk, aandag gee in die klas, inisiëring van sosiale interaksie, verminderung van of beter beheer oor aggressie, en so meer.
- Wees op die uitkyk vir die gewenste gedrag en verskaf onmiddellik positiewe terugvoering wanneer dit voorkom.
- Gebruik versterkers wat die leerder verkies. Dit kan wissel van verbale prysing, sterre, luister na musiek, eetgoed soos rosyntjies, en spesiale voorregte tot versterkers wat direk met die taak verband hou (Bester, 2006; Canter & Canter, 2001; LeBlanc *et al.*, 2000; Prinsloo, 2005).

### C. Negatiewe versterking

Negatiewe versterking behels die verwijdering van 'n onaangename stimulus (byvoorbeeld herhaalde herinneringe aan huiswerk wat vergeet is) wat die gedrag voorafgaan en wat lei tot 'n afname in die voorkoms van die gedrag (Raymond, 2008). Die negatiewe aspek van die proses verwys nie na die onaangename stimulus nie, maar na die ontkenning/negering daarvan wanneer die ongewenste gedrag voorkom of as die ongewenste gedrag gestaak word (Farrell, 2006). Negatiewe versterkingsprosedure word geslaagd aangewend in die skoolopset wat dikwels 'n weersinwekkende omgewing word vir leerders met spesiale

behoeftes (LeBlanc *et al.*, 2000).

### 3.4.2 Tekeneconomie (*token economy*)-programme

Tekeneconomie is een van die mees algemeen gebruikte programme vir gedragsbestuur. Met tekeneconomie-programme kan leerders deur toepaslike gedrag belonings en voorregte te verdien (versterking), maar eweneens dit verbeur met ongewenste gedrag. Leerders word dus geleer om selfbeheerde keuses te maak.

Sodra 'n leerder die gewenste gedrag vertoon, ontvang hy 'n teken (*token*) – 'n maklik verspreibare item soos 'n ster, 'n regmerkie, punte of bottelproppies. Met hierdie tekens kan hy later versterkende items van sy keuse "koop", byvoorbeeld meer rekenaartyd, deelname aan 'n uitstappie of mooi potlode. Wanneer die leerder egter ontwrigtende gedrag vertoon, nie na die opvoeder luister nie, of reëls oortree, word die tekens verbeur.

Die versterkende items kan 'n soort spyskaart wees wat uiteensit hoeveel tekens vir die item benodig word. Elke leerder kan dus op 'n individuele manier tekens verdien, verruil of verloor (Farrell, 2006; Prinsloo, 2005). 'n Tekeneconomie-program kan ouers en opvoeders help om meer effektief te fokus op positiewe gedrag of periodes van goeie leerdergedrag (LeBlanc *et al.*, 2000).

Om die program behoorlik te laat funksioneer vereis beplanning en instandhouding omdat dit gedrag wat as positief beskou word moet beklemtoon. Aanvanklik moet leerders reg deur die dag beloon word vir positiewe gedrag. Die hoeveelheid versterking moet in verhouding wees met die hoeveelheid positiewe gedrag wat gedurende die dag of week vertoon is, asook met die ondersteunende versterkers.

Ten einde leerders te leer dat tekens waarde het moet daar gereeld geleentheid wees om tekens in te ruil, veral aan die begin van so 'n program. Hierna moet leerders geleer word om hulle tekens te spaar en te wag vir langer periodes voor

hulle dit kan inruil. Dit is egter belangrik om te onthou om 'n tekenekonomiese program te individualiseer, veral vir leerders met emosionele en gedragsbehoeftes (Prinsloo, 2005).

### 3.4.3 Straf

Dit is belangrik om beloning meer as straf te gebruik in die beheer van leerders se gedrag. Nogtans is dit soms nodig om straf te gebruik om ongewenste gedrag te onderdruk. Daar is 'n wye verskeidenheid strafpraktyke wat leerders onaangenaam vind. Dit is egter uiters belangrik om te vermeld dat lyfstraf in skole teen die wet is in Suid-Afrika (Department of Education, 1996).

Straf is 'n komplekse en onvoorspelbare fenomeen en moet spaarsamig, met oorleg en vaardigheid gebruik word. In sommige gevalle is dit wel die beste keuse vir leerders wat dikwels ontwrigtend optree. Straf stel dan die opvoeder in staat om die ongewenste gedrag tydelik te onderdruk en so word 'n geleentheid geskep om deur die gebruik van beloning meer toepaslike gedrag te vestig (LeBlanc *et al.*, 2000; Oosthuizen, 2006).

Straf wat lei tot selfbeheer word aan die volgende gekenmerk:

- Hou verband met die ongewenste gedrag
- Is seker en konsekwent
- Is regverdig en billik
- Is onpersoonlik
- Wek nie vrees nie
- Is konstruktief en bevorderlik vir beter selfbeheer (Prinsloo, 2005).

Dit is belangrik om in ag te neem dat die wêreld van die leerder met emosionele en gedragsbehoeftes afspeel in minute en sekondes – maak dus seker dat die straf waarop oorengerek word uitvoerbaar is vir die opvoeder. Moet nooit dreig

met positiewe of negatiewe gevolge wat nie uitgevoer kan word nie (Hannell, 2006).

### **3.4.3.1 *Tipes straf***

#### **A. *Time out*-prosedure**

*Time out* impliseer die onmiddellike verwydering van die leerder uit die omgewing by die voorkoms van problematiese gedrag. Dit kan toegepas word om te voorkom dat 'n leerder positiewe versterking kry vir negatiewe gedrag (Farrell, 2006). Gee altyd een waarskuwing voor *time out*, behalwe in 'n lewensgevaarlike situasie, wat onmiddellike optrede vereis (Prinsloo, 2005).

Die leerder moet nie langer as 15-45 minute uit die groep verwijder word nie, en jonger leerders vir ongeveer 1 minuut vir elke jaar van hul ouderdom. Vir suksesvolle *time out* moet die aanvanklike omgewing vir die leerder positief en lekker wees. Indien die leerder die omgewing nie as positief beleef nie kan dit maklik gebruik word om uit 'n moeilike situasie te ontsnap, wat dan die wangedrag effektief in stand hou.

*Time out* moet onmiddellik en konsekwent toegepas word wanneer problematiese gedrag voorkom. In teenstelling met die aanvanklike omgewing, moet die *time out*-omgewing onaangenaam en onstimulerend wees (Farrell, 2006; LeBlanc *et al.*, 2000; Prinsloo, 2005).

Daar is drie vorme van *time out*:

- (i) Isolasie-*time out* is die ergste vorm en behels dat die leerder heeltemaal uit die omgewing waar die problemedrag voorkom verwijder word.
- (ii) Uitsluiting-*time out* impliseer dat die leerder in die klas/vertrek bly sonder om deel te neem of waar te neem. Dit kan byvoorbeeld bereik word deur die leerder agter 'n skerm of kabinet agter in die klas te plaas – buite sig van klasmaats is maar binne sig van die opvoeder.

'n Klein spasie tussen 'n kas en die muur kan ook die doel dien.

- (iii) Nie-uitsluitende-*time out* behels voorwaardelike waarneming, verwydering van die versterkende stimulus of beplande ignorering en is die ligste vorm van *time out* (LeBlanc *et al.*, 2000).

Isolasie in die klas werk die beste vir leerders in die primêre skool, aldus Prinsloo (2005). Verwyder die leerder wat probleme verskaf so stil moontlik na die *time out*-plek sonder om die stem te verhef of te kwaai te wees (Prinsloo, 2005). Hierdie tipe *time out* werk moontlik so goed omdat daar beheer oor die leerder is (hy kan nie seekry of wegloop en mis ook nie skoolwerk nie) en hy weet dat hy weer kan deel wees van die klassituasie sodra die opvoeder merk dat hy gekalmeer het.

Navorsing toon dat *time out* 93 persent effektief is om ongewenste gedrag te verminder vir 'n verskeidenheid gedragsbehoeftes by leerders. Nadele sluit die volgende in:

- Dit kan 'n negatiewe versterker wees om te ontsnap van 'n omgewing wat die leerder nie verkies nie, byvoorbeeld 'n leersituasie.
- Dit leer leerders nie meer toepaslike gedrag nie behalwe wanneer dit gekoppel word aan ander prosedures (LeBlanc *et al.*, 2000).

*Time out* laat leerders egter toe om eers kontrole oor hulself te kry, waarna ander opbouende tegnieke toegepas kan word (Prinsloo, 2005).

## B. Beheer van gevolge van gedrag (onttrekking van voorregte)

Onttrekkling van voorregte is 'n vorm van negatiewe straf waar positiewe versterkers of voorregte ontrek word, byvoorbeeld vrye tyd, pouse of ander verkose klasaktiwiteite soos uitstappies en rekenaars. Gevolgskoste help leerders om 'n duidelike verwantskap te maak tussen ongewenste gedrag en straf (Prinsloo, 2005). Gevolgskoste word tipies gebruik as deel van 'n tekenekonomiese-program: die leerder verdien positiewe versterkers vir gewenste optrede en

verloor die versterkers vir ongewenste gedrag (LeBlanc *et al.*, 2000).

### C. Detensie

Detensie impliseer dat leerders inbly vir pouse of na skool bly vir 'n sekere tyd, gewoonlik na verskeie oortredings en nadat hul ouers in kennis gestel is. Samewerking van ouers in die verband is nodig. Detensie vind normaalweg plaas in 'n klas onder die toesig van onder 'n opvoeder (Oosthuizen, 2006). Dit is gewoonlik 'n effektiewe metode van straf vir leerders wat nie huiswerk of take gedurende klastyd voltooi nie, en dit dan gedurende detensietyd kan afhandel (Prinsloo, 2005).

### D. Herstellende dissipline

Herstellende dissipline fokus primêr op die herstel van die leerder se vertroue in homself, die skool en ander. Wangedrag word primêr beskou as 'n oortreding teen die verhoudings tussen mense en ten tweede as 'n oortreding van reëls/wette. Die doel van dissipline wat herstel is om die veiligheidsgevoel te herbou, op beide fisiese en emosionele gebied.

Herstellende dissipline neem beide die gevaar en geleentheid in ag wat veroorsaak is deur die ontoepaslike gedrag en konflik. Dit herken dat woede in werklikheid vrees is en verskaf die geleentheid om te herbou aan 'n gevoel van veiligheid.

Herstellende dissipline vereis dat al die partye nodig is vir die ontwikkeling van oplossings deur die erkenning van almal se behoeftes. Elke persoon betrokke moet verbaal instem tot sy deel van die oplossing. Herstellende dissipline verg heelwat opvolgwerk om te verseker dat ooreenkoms nagekom word. Dit is noodsaaklik vir die bou van 'n gemeenskap wat mekaar vertrou. Meer inligting hieroor is beskikbaar by [www.discriminethatrestores.org](http://www.discriminethatrestores.org).

### **3.4.4 Leererverantwoordelikheid en selfregulering**

Kognitiewegedrag-terapie is daarop gemik om selfbeheer en ouderdom-toepaslike gedrag by leerders te verhoog. Kognitiewegedrag-terapie verkuif die klem vir beheer van die opvoeder/ouer na die leerder (Farrell, 2006). Gedragsbehoeftes word in die verband beskou as die gevolg van verwronge kognitiewe prosessering. In die geval word selfbestuur-programme met selfmonitering en selfversterking vir die leerder ontwikkel. Hierdie tipe intervensies word toenemend meer gewild vir die hantering van gedragsbehoeftes (LeBlanc *et al.*, 2000).

#### ***3.4.4.1 Selfmonitering***

Selfmonitering is daarop gemik om die leerder te leer om sy eie gedrag te beoordeel volgens duidelik vooropgestelde definisies en om ongewenste gedrag te verstaan. So kan die leerder met AT/HV geleer word dat nie-taakgeoriënteerde gedrag impliseer om met maats te praat, uit sy sitplek te wees, of om rond te krap in sy tas. Dit behels dat die leerder op sekere tye sy gedrag self moet oordeel en aanteken (grafiek, kaart, sterretjie, regmerkie) of byvoorbeeld deur 'n teken in 'n botteltjie te gooi. Versterking vir akkurate evaluering word verskaf, ongeag die gedrag.

Selfmonitering is 'n belangrike selfbestuur-intervensie, veral wanneer dit saam met selfversterking gebruik word. 'n Leerder wat sy gedrag self moniteer word meer bewus van sy gedrag, wat kan lei tot 'n toename in gewenste gedrag en 'n afname in ongewenste gedrag (LeBlanc *et al.*, 2000).

#### ***3.4.4.2 Selfversterking***

Selfversterking leer leerders om eerstens hul eie gedrag te beskou en te meet aan 'n goed gedefinieerde standaard en tweedens om dit dan te versterk indien dit toepaslik is. Vir leerders met AT/HV kan dit taakgerigte gedrag betekenis (Hannell, 2006). Gebaseer op die evaluering moet hulle dan positiewe gedrag versterk deur hulself te prys en/of deur eksterne versterkers soos voorregte te gebruik.

Selfversterking is veral effektief in die hantering van die kernbehoeftes van AT/HV soos taakgerigte gedrag, akademiese prestasie, en sosiale gedrag. Leerders met depressie wat neig om lae aktiwiteitsvlakke en gevoelens van nutteloosheid te hê of beperkte versterking uit die omgewing te ontvang, kan veral hierby baat (LeBlanc *et al.*, 2000; Farrell, 2006). In die verband kan ook gedink word toepassingsgeleenthede van selfversterking vir die tale leerders wat uit gesinne kom waar kinders aan die hoof van die gesin staan.

#### **3.4.4.3 Selfinstruksie**

Selfinstruksie is daarop ingestel om leerders te leer om take te voltooi deur 'n reeks stappe te gebruik. Hiervolgens word 'n sistematiese prosedure gemodelleer waar elke stap om die taak te voltooi beskryf word. Die leerder voltooi dan die taak deur elke stap te verbaliseer, of neer te skryf, of te af te merk op 'n lys. Dit is veral toepaslik om groter begrip en aandag te bewerkstellig (LeBlanc *et al.*, 2000).

#### **3.4.5 Doelwitstelling**

Duidelike doelwitte is nodig om nuwe vaardighede by leerders te vestig. Dit help leerders om hul aandag te fokus en verhoog terselfdertyd ook gemotiveerdheid. Hierdie doelwitte moet duidelik omskryf word sodat leerders dit maklik kan verstaan. Take wat geleidelik moeiliker word moet gebruik word as doelwit. Aanvanklike doelstelling moet 'n hoë kans op sukses hê, sodat die leerder genoeg versterking ontvang om te bly werk aan die taak, byvoorbeeld om die werksvel te voltooi, aandag by die werk bepaal, en so meer. Latere doelwitte kan meer uitdagend wees (Canter & Canter, 2001; LeBlanc *et al.*, 2000).

#### **3.4.6 Aanleer van spesifieke sosiale vaardighede**

Leerders met emosionele en gedragsbehoeftes is dikwels daardie leerders wat die meeste ondersteuning benodig, maar oor die minste vaardighede beskik om sosiale verhoudings te skep of in stand te hou (Walther-Thomas *et al.*, 2000). Spesifieke vaardighedsopleiding behels 'n kombinasie van drie gedragstegnieke,

naamlik modellering, repetisie en terugvoering:

- (i) Modellering behels dat 'n leerder waarneem hoe korrekte optrede lyk wat lei tot 'n positiewe uitkoms. Dit werk die beste as die model 'n sterk ooreenkoms toon met die leerder.
- (ii) Repetisie bied die leerder geleenthede om die vaardighede te oefen terwyl die opvoeder dit monitor. Dit moet toegepas word tot die vaardigheid vinnig, outomatises en natuurlik voorkom.
- (iii) Terugvoering is tweeledig, (a) motivering vir korrekte optredes en (b) regstelling indien foute voorkom. Regstellingsterugvoering moet onmiddellik geskied en 'n duidelike beskrywing bevat van die korrekte respons sonder negatiewe ondertone. Aanvanklik is dit nodig om die leerder te motiveer en op 'n beskrywende manier te prys om die korrekte response te ontlok. Dit word uitgefaseer namate die gedrag meer outomatises en natuurlik voorkom (LeBlanc et al., 2000).

Leerders mag een of meer areas van behoeftes hê en daarom is dit belangrik om te bepaal wat vordering die meeste strem. Probleme met sosiale vaardighede kan verskeie aspekte behels, soos probleme om met ander te deel, beurte te neem, of deel van groepsaktiwiteite te wees.

Waar die behoeftes verband hou met emosionele en gedragsbehoeftes kan leerders met 'n lae selfbeeld dit soms moeilik vind om konflik te hanteer of om die gevolge van hul gedrag te besef. Soms openbaar hulle negatiewe houdings, onvoorspelbare, ontwrigtende en selfs aggressiewe gedrag (Jones, 2004). In sulke gevalle kan opleiding in sekere vaardighede baie nuttig wees om aan hierdie leerders 'n repertoire van alternatiewe te verskaf.

#### ***3.4.6.1 Opleiding in sosiale vaardigheid***

Sosiale vaardigheid impliseer verbale en nieverbale gedrag, byvoorbeeld woorde, stemtoon, gesigsuitdrukking, handeling en liggaamshouding wat positiewe uitkomste het in interaksies met maats en volwassenes . Hierteenoor word sosiale vaardigheid gebreke by verskeie emosionele en gedragsbehoefte toestande

aangetref (Farrell, 2006).

Dit is egter bevind dat effektiewe sosiale vaardighede soos probleemoplossing en konflikhanteringsvaardighede 'n positiewe invloed het op die klasgedrag en akademiese produktiwiteit van leerders (Walther-Thomas *et al.*, 2000). Programme in sosiale vaardighede kan wel 'n algemene opleidingsprogram soos *skillstreaming* behels, maar die spesifieke behoeftes van leerders moet ook aandag geniet (LeBlanc *et al.*, 2000).

Wanneer sosiale vaardighede so vroeg moontlik in die leerder se lewe in 'n klasopset aangeleer word, blyk dit meer suksesvol te wees as wanneer dit as 'n aparte program buite klasverband aangeleer word (Walther-Thomas *et al.*, 2000).

Leerders met emosionele en gedragsbehoeftes baat by opleiding in die volgende vaardighede:

- Gespreksvaardighede wat insluit, luistervaardigheid, neem van beurte, oogkontak en ander aspekte van nie-verbale kommunikasie
- Toepaslike maniere om emosies verbaal uit te druk
- Portuur/vriendskapsvaardighede soos om te luister, vrae te vra en te antwoord, interaksies te inisieer en in stand te hou
- Hoe om effektief op kritiek te reageer
- Hanteringsvaardighede, byvoorbeeld hoe om instruksies te volg, hulp te vra, te reageer op portuurdruk, woede uit te druk en spanning te hanteer
- Hoe om suksesvol te onderhandel (Farrell, 2006; LeBlanc *et al.*, 2000)
- Probleemoplossings- en besluitnemingsvaardighede (Walther-Thomas *et al.*, 2000).

Opleiding in sosiale vaardigheid behels tipies die volgende:

- Definieer die vaardigheid en ken die onderdele daarvan.
- Identifiseer situasies waarin sodanige vaardighede benodig word.

- Bedink saam met die leerder die rasional om die vaardigheid te gebruik.
- Modelleer die vaardigheid deur voorbeeld, byvoorbeeld handpoppe, bekende TV-storiekarakters, dramatisering en stories. Deelnemende aktiwiteit verhoog die relevansie vir leerders wat konkrete dink, 'n kort aandag span het en neig om baie te beweeg (Walther-Thomas *et al.*, 2000).
- Begelei leerders en gee terugvoering wanneer hulle dit inoefen.
- Help leerders om in te sien hoe die vaardigheid na ander situasies oorgedra kan word.

Dit is belangrik dat ouers en opvoeders betrokke is by opleiding in sosiale vaardighede en ondersteuning aan leerders verleen (selfs versterking deur tekens). Portuurgroepondersteuning is eweneens belangrik. Ondersteuning in die leerder se natuurlik sosiale omgewing is bevorderlik vir gunstige uitkomste (LeBlanc *et al.*, 2000).

#### ***3.4.6.2 Probleemoplossingsvaardighede***

Die doel van opleiding in probleemoplossing is om 'n leerder te leer om 'n probleem te identifiseer, en deur die gebruik van reflekterende denke te fokus op probleemoplossingsaktiwiteite eerder as op wanaangepaste gedrag soos gevoelens van minderwaardigheid en ongelukkigheid.

Die basiese komponente van probleemoplossingsvaardighede behels:

- *Probleemoriëntasie* – die leerder identifiseer die probleem en leer dat dit nie 'n bedreiging is nie maar 'n normale gebeurtenis waaroor 'n oplossing gevind kan word.
- *Objektiewe definiëring van die probleem in konkrete term* – (Wat is die omstandighede en wat behoort dit te wees?). Hoogs emosionele probleme kan op twee maniere hanteer word:
  - Die probleem-gefokusde benadering, wat daarop gemik is om die

- situasie te verander deur die probleem te minimaliseer of te verwijder;
- Die emosioneel-gefokusde benadering, wat poog om die leerder se reaksie op die gebeurtenis te verander en so die stres van die situasie te verminder.

Beide hierdie benaderings behoort by leerders ontwikkel te word. Tydens die fase moet daar ook 'n aanvanklike realistiese en bereikbare doel gestel word.

- Verskeie oplossing word dan gegenereer om die situasie te hanteer.
- Hierna word die verskillende oplossings evalueer en op die beste oplossing vir die probleem besluit.
- Die oplossing word dan geïmplementeer waarna die leerder self die uitkomst van die oplossing evalueer en dit as selfversterking gebruik.

Hierdie tipe opleiding geniet toenemend aandag omdat dit veral suksesvol is in die hantering van woedebeheer en impulsiwiteit. Probleemoplossing gebruik verskeie tegnieke soos modellering, rolspel en terugvoering tydens die implementeringsfase. Probleemoplossing kan effektief alleen of saam met ander strategieë gebruik word (LeBlanc *et al.*, 2000).

### 3.4.7 Selfspraak

Selfspraak kan gebruik word om angstigheid te beheer sowel as in ander bedreigende situasies. Indien die leerder tekens van angstigheid ervaar kan hy interne monoloog of zelfspraak gebruik om hom deur die situasie(s) te begelei. Die opvoeder en leerder kan ooreenkoms wat die zelfspraak sal behels en dit kan selfs 'n teks hê wat die leerder goed ken.

Dit bevat gewoonlik die volgende elemente: (i) moedig kalmte aan; (ii) daag die negatiewe interpretasie van gebeure of omstandighede uit; en (iii) wil die negatiewe interpretasie vervang met geloofwaardige en meer toepaslike interpretasie. Byvoorbeeld, indien die leerder gekonfronteer word met 'n opvoeder

wat volgens die leerder se mening nie van hom hou nie, kan die teks min of meer as volg lyk:

“Ek sal kalm bly. Die opvoeder het my net gevra of ek die vraag verstaan en ek dink sy is maar net sarkasties. Sy kontroleer net of ek verstaan of dit nodig is dat sy beter verduidelik. Ek sal sê dat ek nie verstaan nie en vra of sy asseblief weer sal verduidelik.” (Vertaal uit Farrell, 2006, p. 35)

### 3.4.8 Ontspanningsopleiding

Ontspanningsopleiding is veral geskik vir depressie, angsversteurings, vrese en fobies en weiering om skool toe te gaan. Dit word gewoonlik toegepas in kombinasie met sistematiese desensitisasie en kognitiewe of/en behavioristiese tegnieke.

Ontspanningsopleiding wat vir leerders gebruik word behels diep, stadige, ritmiese asemhaling wat net die diafragma gebruik by inaseming. Dit skep 'n meer ontspanne patroon van asemhaling teenoor die kort, vlak asemhalingspatroon van angsresponse.

Gedragontspanningsoefening behels dat daar gefokus word op ontspanne gedrag vir verskillende dele van die liggaam (LeBlanc *et al.*, 2000).

## 3.5 MEDIKASIE

By die oorweging van medikasie is dit noodsaaklik om die risiko's teen die voordele op te weeg. Die terapeutiese wins moet opgeweeg word teen die risiko van giftigheid, newe-effekte en potensiële ongunstige reaksies (McLeer & Wills, 2000). Medikasie behoort saam met ander intervensies gebruik te word (Bester, 2006).

AT/HV het die hoogste voorkoms van al die emosionele en gedragsbehoeftes wat by leerders voorkom. Medikasie word algemeen gebruik as deel van die behandeling van AT/HV:

“The decision to medicate is based on the presence of a diagnoses of ADHD and the persistent target symptoms that are sufficiently severe to cause functional impairment at school and usually also at home and with peers (*American Academy of Child and Adolescent Psychiatry*, 1997, p.915).

Stimulant-medikasie soos metielfenidaat (*Ritalin®*), dekstro-amfetamien (*Dexedrine®*), en pemolien (*Cylert®*) is die eerste-orde medikasie vir AT/HV. Hoewel die medikasie reeds meer as 60 jaar gebruik word en meer navorsing daaroor gedoen is as oor enige ander psigiatriese medikasie, is die gebruik daarvan steeds kontroversieel in die algemene pers (McLeer & Wills, 2000).

Sommige opvoeders, ouers en medici argumenteer dat die newe-effekte van die medikasie skadelik is en dat geen leerder daaraan blootgestel behoort te word om klaskamer gedrag te beheer nie (Mastropieri & Scruggs, 2007). McLeer & Wills (2000) verskil hiervan en noem dat sommige organisasies die gevare van die medikasie oorbeklemtoon in 'n poging om publieke opinie te beïnvloed.

Oorsigte van navorsing rakende die effek van stimulantmedikasie duï oor die algemeen op positiewe voordele omdat aandagspan toeneem en hiperaktiwiteit afneem (Mastropieri & Scruggs, 2007). Aanwending van medikasie vir AT/HV moet fokus op die behandeling van simptome wat negatief inwerk op die funksionering van die leerder. Die effektiwiteit van die medikasie behoort gemonitor te word deur gestandaardiseerde evalueringskale soos die Connors-ouer-en-opvoeder-beoordelingsskaal (Alban-Metcalfe & Alban-Metcalfe, 2001). Newe-effekte van die medikasie kan gemonitor word deur die stimulantnewe-effek-vraelys (McLeer & Wills, 2000).

Studies toon 'n verbetering aan van tussen 75 en 96 persent in gedrag, oplettenheid en korttermyngeheue vir leerders wat stimulantmedikasie gebruik. Van die newe-effekte wat met die stimulantmedikasie geassosieer word is veral vertraagde gewigstename, en tot 'n mindere mate 'n negatiewe effek op lengtegroei, veral in die geval van dekstro-amfetamien. Hierdie newe-effekte is egter minder by die gebruik van metielfenidaat. Trisiklike anti-depressante soos

imipramien (*Tofrani®*) is byvoorbeeld baie meer gesik vir die behandeling van angsversteurings en fobies (McLeer & Wills, 2000).

Daar bestaan nie werklike farmakologiese behandeling vir gedragsteurnis nie, hoewel neuroleptiks soms gebruik word om impulsiewe aggressie en erge aggressie in leerders te beheer. *Risperdal®* word ook met goeie effek deur psigiaters vir gedragsteurnis voorgeskryf. Studies op die samevalling van gedragsteurings en bipolêre versteuring toon dat gemoedstabiliseerders soos *Lithium®* 'n merkbare positiewe effek het (McLeer & Wills, 2000).

Slegs 'n klein aantal leerders met emosionele en gedragsbehoeftes benodig spesialisintervensie wat buite die vaardighede van opvoeders val en daarom verwysing na sielkundiges, psigiaters, sosiale workers en dokters vereis. Hierdie professionele persone kan voorsien in behoeftes soos voorligting, psigoterapie, gesinsterapie, dramaterapie, kunsterapie, spelterapie, die ontwikkeling van emosionele geletterdheid, residensiële voorsiening en medikasie (Farrell, 2006).

### 3.6 SLOT

Die voorafgaande program verskaf slegs basiese inligting oor 'n komplekse onderwerp. Indien u meer wil leer maak gerus gebruik van die aangehegte bronnellys waaruit baie van die inligting bekom is vir die samestelling van die programmateriaal.

## BRONNELYS

Alban-Metcalfe, J. & Alban-Metcalfe, J. (2001). *Managing Attention Deficit/Hyperactivity Disorder in the inclusive classroom: Practical strategies for teachers*. London: David Fulton.

American Psychiatric Association. (2000). *Diagnostic and statistical manual of mental disorders DSM-IV-TR*. (4th ed.). Washington, DC: American Psychiatric Association.

Ayers, H. & Prytys, C. (2002). *An A to Z practical guide to emotional and behavioural difficulties*. London: David Fulton.

Bester, H. (2006). *How to cope with AD/HD. A South African guide for parents, teachers & therapists*. Cape Town: Human & Rousseau.

Canter, L. & Canter, M. (2001). *Assertive discipline: Positive behaviour management for today's classroom*. (3rd ed.). Los Angeles, CA: Canter & Associates.

Clough, P., Garner, P., Pardeck, J.T. & Yuen, F. (2005). Themes and dimensions of EBD: A conceptual overview. In P. Clough, P. Gardner, J.T. Pardeck & F. Yuen (Eds.), *Handbook of emotional & behavioural difficulties* (pp. 3-19). London: Sage.

Cooper, P. (2005). Biology and behaviour: The educational relevance of a biopsychosocial perspective. In P. Clough, P. Gardner, J.T. Pardeck & F. Yuen (Eds.), *Handbook of emotional & behavioural difficulties* (pp. 105-121). London: Sage.

